

8. Die uittog uit Egipte

Exodus 13 - 18

Die getrouheid van God

God is getrou in alles wat Hy beloof en doen. Hy bly getrou al is sy volk ontrou. Hierdie hoofstuk fokus op die volgende hoofgedagtes:

- God verlos sy volk uit Egipte soos Hy beloof het.
- Die Here lei sy volk deur die woestyn.
- God lei nie net sy volk nie, Hy sorg ook vir hulle.

Die uittog begin

Vir 430 jaar lank het die Israeliete in Egipte gewoon. Nou is dit tyd om na die land Kanaan te trek. Dit wat God aan Abraham, Isak en Jakob beloof het, word vervul.³⁶ Meer as 600 000 mans vertrek uit Egipte. Saam met die vroue en kinders is hulle waarskynlik meer as twee miljoen mense. 'n Aantal vreemdelinge trek ook saam. Die Here laat toe dat hulle in die volk opgeneem word, maar dan moet hulle eers besny word.

Farao laat die Israeliete trek nadat God al die Egiptenaars se eersgeborenes om die lewe gebring het. Hierdie gebeurtenis mag Israel nooit vergeet nie. Omdat God die Israeliete se eersgeborenes gespaar het, behoort hulle nou aan die Here. Die oudste seun in elke gesin moet aan die Here gewy word en daarom 'n priester word. Later word die dienswerk aan die nageslag van Levi oorgedra.³⁷ Daarna moet die eersgebore seun van elke gesin losgekoop word. Ook Jesus word deur sy ouers na die tempel geneem om die voorgeskrewe losprys vir hom te betaal.³⁸

Die Israeliete trek saam by Raämses, een van die voorraadstede wat hulle vir die Egiptenaars gebou het. Die uittog begin.

36 Gen. 12: 7 Daarop verskyn die HERE aan Abram en sê: Aan jou nageslag sal Ek hierdie land gee. Toe bou hy daar 'n altaar vir die HERE wat aan hom verskyn het.

37 Num. 3: 6 Laat die stam van Levi nader kom, en stel hulle voor die priester Aäron, dat hulle hom kan dien.

38 Luk. 2: 22 En nadat die dae van haar reiniging volgens die wet van Moses vervul was, het hulle Hom na Jerusalem gebring om Hom aan die Here voor te stel,

Alles gebeur haastig, maar ordelik. Die mans loop en die vroue en kinders ry op pakkdiere. Die uittog uit Egipte is 'n baie belangrike gebeurtenis in die geskiedenis van Israel. Die volk van God word nou 'n vrye en selfstandige volk. Tog vertrou hulle nie volkome op die Here nie. Hulle neem van die afgode met hulle saam toe hulle uit Egipte vertrek.³⁹

Van Raämses tot Pi-Hagirot

Om van Egipte na Kanaan te reis is nie baie moeilik nie. Daar is 'n bestaande pad wat deur Kanaan na Mesopotamië in die Ooste loop. Dit is die kortste pad en word deur handelaars gebruik. Dit sal die Israeliete twee tot drie weke neem om Kanaan te bereik as hulle dié roete volg. Maar Moses bepaal nie self die roete wat hulle moet volg nie. Dit doen God. Bedags trek 'n wolkkolom voor hulle uit en snags 'n vuurkolom. Dit is 'n teken van God se teenwoordigheid. So openbaar die Here sy teenwoordigheid aan die volk. Hulle hoef nie bang te wees nie. God trek saam met hulle.

Die wolkkolom lei hulle nie op die bekende pad na Kanaan nie, maar ooswaarts tot by Sukkot. Van daar reis hulle verder in dieselfde rigting tot by Etam, aan die kant van die woestyn. Die Egiptenaars het hier vestings wat hulle land se oosgrens beskerm. Hier slaan die Israeliete laer op. Die Here beskerm sy volk deur hulle nie met die Filistyne te laat veg nie. Die Filistyne is geoefende soldate en die Israeliete kan gou moed verloor as hulle nou al moet veg.

Die Israeliete ontvang die opdrag van God om om te draai en hul laer te gaan opslaan voor Pi-Hagirot, tussen Migdol en die Skelfsee (Rietsee of Rooi See). God het 'n besliste doel hiermee, al lyk die trek doelloos. Toe Farao hiervan hoor, dink hy dat die Israeliete verdwaal het. Hulle is vasgekeer tussen die woestyn en die see. Hier kan hy hulle maklik opspoor en aanval. Farao is reeds spyt dat hy die volk laat trek het. Hy het nog nie sy les geleer nie.

Die deurtog deur die Rooi See

Met 600 strydwaens, gevaarlike oorlogstuig van daardie tyd, jaag Farao en sy soldate die Israeliete. Toe die Israeliete die stofwolk sien, word hulle baie bang. Hulle dink dat hulle almal in die woestyn sal sterf. Moses praat hulle moed in: Dit is die laaste wat hulle van die Egiptenaars sal sien.

³⁹ Eseg. 20: 8 Maar hulle was wederstrewig teen My en wou na My nie luister nie; niemand het die verfoeisels van sy oë weggegooi of die drekgode van Egipte laat staan nie. Toe het Ek gesê dat Ek my grimmigheid oor hulle sal uitgiet, om my toorn teen hulle te laat uitwoed in Egipteland.

Die wolkkolom beweeg tussen die Israeliete en Farao se soldate in. Aan die Egiptenaars se kant is dit baie donker, maar aan die kant van die Israeliete is dit lig. Op bevel van die Here steek Moses sy staf uit oor die see. 'n Sterk oostewind kom op en waai die water van die see weg. Die bodem van die see word droog en die Israeliete trek veilig deur. Die Egiptenaars trek agter hulle aan. Teen dagbreek bring die Here die Egiptenaars in verwarring. Hul strydwaens se wiele begin wegsak! Hulle wil omdraai, maar kry dit nie reg nie. Op bevel van die Here steek Moses weer sy staf uit, die water stroom terug en die hele Egiptiese leër verdwyn onder die water. Ook Farao verdrink.⁴⁰

Die Israeliete sien die lyke van die Egiptenaars aan die kant van die see lê. Die volk het die magtige daade van die Here gesien en hulle glo nou in Hom. Onder leiding van Moses en Mirjam sing hulle 'n oorwinningslied tot eer van die Here: "Ek wil sing tot eer van die HERE, want Hy is hoog verhewe. Die perd en sy ruiters het Hy in die see gewerp." In die boek Openbaring lees ons dat die gelowiges weer die lied van Moses sing.⁴¹

Mara

Israel is dankbaar teenoor die Here toe hulle wegtrek van die Skelfsee. Die Here het hulle verlos van die Egiptenaars. Die wolkkolom lei hulle verder suidwaarts. Die woestyn Etam, 'n deel van die groot woestyn Sur, lê voor hulle. Om deur 'n woestyn te reis, is baie moeilik. Israel is 'n groot volk wat boonop baie vee by hulle het. Die reis vorder stadig en om genoeg drinkwater in die hande te kry, is 'n probleem.

Na drie dae kom die volk by Mara aan. Hier is baie water, maar dit is bitter. Hulle kan dit nie drink nie. Die volk vergeet dat God hulle uit moeilike omstandighede gered het. Hulle vertrou nie op die Here nie, maar kla by Moses dat hulle dors is. Moses se vertrou op God is sterker as die volk s'n. Hy bid tot God om hulp. Die Here wys vir hom 'n stuk hout wat hy in die water moet gooi, en dadelik is die water drinkbaar.

Dit is nie 'n besondere stuk hout wat Moses in die water gooi nie. Die wonder is eerder 'n teken van God se krag. Die Here wys deur hierdie wonder dat

40 Ps. 136: 15 En Farao saam met sy leër in die Skelfsee gestort het, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid.

41 Op. 15: 3 En hulle het die lied gesing van Moses, die dienskneg van God, en die lied van die Lam, en gesê: Groot en wonderlik is u werke, Here God, Almagtige; regverdig en waaragtig is u weë, o Koning van die heiliges!

Hy vir die volk sal sorg, maar dan moet hulle aan Hom gehoorsaam wees. Dit geld vir elke gelowige. Ons moet op God vertrou en aan Hom alleen gehoorsaam wees. Op alle terreine van die lewe moet ons uit die geloof lewe.⁴²

Die volk kla dat hulle honger is

Van Mara af trek die volk na Elim. Hier is 'n oase met 12 fonteine en 70 palmbome. Na al die ontberings in die woestyn is dit die ideale rusplek. Die volk slaan hier laer op en geniet hul verblyf. Na 'n ruk hervat hulle die trek na Kanaan. Skaars is hulle weg van Elim af, of 'n nuwe probleem steek kop uit. In die woestyn Sin, waardeur hulle trek, is kos skaars. Hulle vergeet die Here se belofte dat Hy vir hulle sal sorg en verwyt Moses en Aäron dat dit hul skuld is dat hulle honger ly. Hulle wens dat hulle liewers in Egipte agtergebly het, aangesien hulle nou in die woestyn sal sterf.

Die Here beloof Moses dat Hy sy heerlikheid aan die volk bekend sal maak deur op 'n besondere wyse hulle van vleis en brood te voorsien. Die Here sal hulle ook toets om te sien of hulle aan Hom gehoorsaam is.

Moses gee Aäron die opdrag om die volk voor die aangesig van die Here te laat verskyn. Hulle kyk in die rigting van die wolkkolom. Meteens verskyn die heerlikheid van die Here in die wolk. Die Here praat met Moses. Hy moet vir die volk sê dat hulle teen die aand genoeg vleis sal hê om te eet en die volgende môre brood sal kry. Dan sal hulle weet dat die Here hulle God is. Die aand is daar duisende kwartels wat naby die laer kom sit en die Israëliete vang soveel kwartels as wat hulle wil hê. Kwartels is trekvoëls wat in die lente uit Afrika noordwaarts trek. Na die lang vlug is hulle taamlik moeg en kan maklik gevang word. Die Here gebruik hierdie natuurwonder om sy volk van kos te voorsien. Net God kan sulke wonders doen.

Die Here gee manna aan die volk om te eet

Die volgende môre is daar 'n doulaag rondom die laer. Toe die dou verdwyn, sien die volk iets op die grond lê. "Wat is dit?" vra hulle vir mekaar. *Man hu* is die Hebreeuse woorde vir "wat is dit?" en Moses verduidelik vir hulle dat dit die brood is wat die Here vir hulle gee. Elke persoon moet een gomer (2¼ liter) daarvan optel. Toe hulle met die gomer meet hoeveel hulle ingesamel het, is dit presies genoeg. Hulle mag niks vir die volgende môre laat oorbly nie.

⁴² Rom. 11: 36 Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Vroeg elke môre moet hulle die dag se manna optel. Sommige Israëliete luister nie en bête van hul manna vir die volgende dag. Die volgende môre is dit egter vol wurms.

Op die sesde dag is hulle verbaas om te sien dat hulle genoeg manna kan optel vir twee dae. Hulle vertel dit vir Moses en hy verduidelik aan hulle dat daar geen manna op die sabbat (sewende dag) sal wees nie. Dit wat op die sesde dag oorbly, moet hulle bête vir die sabbat. Hierdie manna word nie sleg nie. Die Israëliete wat op die sewende dag tog manna wil optel, kan niks kry nie.

Die Here leer sy volk om die sabbat te eerbiedig. Hulle moet in alles op die Here vertrou. Hulle leef nie van brood alleen nie, maar van alles wat uit die mond van die Here uitgaan.⁴³ Die manna wys heen na Jesus Christus. Hy is die brood van die lewe; wie na Hom gaan, sal nooit weer honger word nie.⁴⁴

Water uit die rots

Die Israëliete trek verder tot by Rafidim. Hier is nie water nie. Die volk kla weer by Moses en dreig om hom te stenig. Hulle vertrou nie op die Here nie. In gebed vra Moses die Here wat hy moet doen. Hy ontvang die opdrag om die oudstes van die volk te neem na 'n rots op die berg Horeb, waar die Here sal wees. Die Here gee hom die opdrag om die rots met sy staf te slaan. Moses doen wat die Here hom beveel en water stroom uit die rots. Hy noem die plek Massa (versoeking) en Meriba (twis). Die rots wys heen na Christus.⁴⁵ Wie in Hom glo, sal nooit dors wees nie.⁴⁶

Oorwinning oor Amalek

Terwyl die Israëliete by Rafidim is, word hulle deur die Amalekiete aangeval. Die Amalekiete is nakomelinge van Esau.⁴⁷ Hulle woon in die Suidland,

43 Deut. 8: 3 En Hy het jou verootmoedig en jou laat honger ly en jou die manna laat eet wat jy en jou vaders nie geken het nie, om aan jou bekend te maak dat die mens nie van brood alleen lewe nie, maar dat die mens lewe van alles wat uit die mond van die HERE uitgaan.

44 Joh. 6: 35 En Jesus sê vir hulle: Ek is die brood van die lewe; wie na My toe kom, sal nooit honger kry nie; en wie in My glo, sal nooit dors kry nie.

45 1 Kon. 10: 4 en almal dieselfde geestelike drank gedrink het, want hulle het gedrink uit 'n geestelike rots wat gevolg het, en die rots was Christus.

46 Joh. 7: 37 En op die laaste dag, die groot dag van die fees, het Jesus gestaan en uitgeroep en gesê: As iemand dors het, laat hom na My toe kom en drink!

47 Gen. 36: 12 En Timna was 'n byvrou van Elifas, die seun van Esau; en sy het vir Elifas gebaar Amalek. Dit is die seuns van Ada, die vrou van Esau.

vanwaar hulle rondtrek om weiding vir hul vee te soek. Die Amalekiete sien in die volk se baie vee 'n bedreiging vir hulle weivelde. Toe die Israëliete aangeval word, plaas Moses Josua in bevel. Josua is uit die stam van Efraim afkomstig. Sy naam was eers Hosea, maar dit word deur Moses verander na Josua.⁴⁸

Ten diepste is dit 'n stryd tussen die gelowiges en die ongelowiges, tussen God en Satan. Israel moet uitgeroei word, want Satan wil verhoed dat Christus gebore word. Die stryd tussen die nageslagte van Jakob en Esau duur voort.

Moses beseft dat die Israëliete nie goed opgeleide soldate is nie. Alleen met God se hulp sal hulle kan wen. Hy gaan op die top van 'n heuwel sit met die staf van God in sy hand en hou sy hande met die staf in die lug. Solank as wat sy hande in die lug is, wen Israel, maar as hy sy hande laat sak, is Amalek die sterkste.

Na 'n ruk is Moses se arms moeg. Aäron en Hur laat hom op 'n rots sit en help hom om sy arms hoog te hou. Moses hou aan om tot God te bid en toe die son sak, is die Amalekiete verslaan. Moses se optrede wys heen na Christus wat ook voortdurend vir ons bid by sy hemelse Vader.⁴⁹ Die Here sê vir Moses dat Hy die Amalekiete gaan uitwis. Ter herinnering aan die oorwinning bou Moses 'n altaar wat hy "Die Here is my banier" noem.

Jetro besoek Moses

'n Ruk na die geveg met die Amalekiete bring Jetro, Moses se skoonpa, sy vrou Sippora en sy twee seuns, Gersom en Eliëser, na hom toe. Jetro is bly om te hoor hoe die Here Israel verlos het en hulle reël 'n groot ete saam met al die oudstes van Israel.

Jetro sien hoe Moses almal se probleme moet oplos. Die volk wil hê dat Moses as regter in alle geskille optree. Jetro sê aan Moses dat die werk te veel is om alleen te verrig. Op Jetro se aanbeveling stel Moses bekwame manne aan, wat ontsag vir God het, om hom te help. Die groot sake word steeds deur Moses aangehoor, omdat hy God se verteenwoordiger by die volk is. Hy moet die Israëliete die wette van die Here leer en vir hulle vertel wat God wil hê hulle moet doen.

48 Num. 13: 16 Dit is die name van die manne wat Moses gestuur het om die land te verken; En Moses het Hosea, die seun van Nun, Josua genoem.

49 Heb. 7: 25 Daarom kan Hy ook volkome red die wat deur Hom tot God gaan, omdat Hy altyd leef om vir hulle in te tree.

Aanbevole leesstukke

DE GRAAF, S.G. 1935. Verbondsgeschiedenis: Schetsen voor de vertelling van de Bijbelse Geschiedenis. Het Oude Testament. Kampen: J.H.Kok. 200 – 217 p.

INGWERSEN, G. 2008. Die Bybel oorvertel vir oud en jonk. Pretoria: DBU. 106 – 113 p.

KROEZE, J.H. 2008. Handboek Bybelse geskiedenis: Die Ou Testament. Pretoria: DBU. 154 – 160 p.

TEN HAVE, P. 1935. Bij de Bron. Neerbosch. Neerbosch Drukkerij. 220 – 233 p.

VAN DER WAAL, C. 1998. Sola Scriptura. Gids vir Bybelstudie. Deel 1: Genesis – Josua. Pretoria: DBU. 85 – 92 p.